# HOOFSTUK 1.

## Probleemstelling, beginselstelling en beplanning.

### (a) Probleme wat opduik by die godsdienstige opvoeding en godsdiensonderrig aan Bantoe-opleidingskole.

Sedert die Bantoe-onderwysdepartement in 1956 die beheer van alle Bantoeskole oorgeneem het, het daar 'n geweldige ontwikkeling en vooruitgang op daardie gebied plaasgevind. Nie alleen is bestaande opleidingskole uitgebrei nie, maar in alle Bantoetuislande is staats-opleidingskole opgerig vir die opleiding van Bantoe-onderwysers. Een van die jongste staats-opleidingskole vir Bantoes is die Batswana-opleidingskool wat slegs twee myl van Mafeking geleë, en in 1962 amptelik geopen is. In die afgelope vyf jaar het ongeveer 200 studente hulle opleiding daar voltooi en vanaf 1967 sal daar elke jaar gemiddeld 80 studente afstudeer wat dan in enige primêre skool vir Bantoes as onderwyser(es) geplaas kan word.

Om uit te vind watter produk die Batswana Opleidingskool die lewe instuur, is dit noodsaaklik om die opleiding self in oënskou te neem. Dit is nie die bedoeling om in hierdie verhandeling al die aspekte van die opleiding te ondersoek nie, maar om slegs die kern, naamlik die godsdienstige opvoeding, te beklem-

toon en daarna verder te probeer vasstel watter belangrike rol die vak, godsdiensonderrig in hierdie verband speel.

In die bantoe-opleidingskole is daar besondere probleme wat hemelsbreed verskil van die probleme wat opduik by die opleiding van studente, aan blanke normaalkolleges. Die verskil is veral toe te skryf aan die materiaal waarmee die opleidingskole te doen het.

Die doel met die opleiding van bantoe-onderwysers is hie in die eerste plek om 'n sekere hoeveelheid kennis aan hulle oor te dra nie, of van hulle goeie onderwysers te maak nie, maar veral om hulle tot gebalanseerde persoonlikhede te vorm wat in die regte verhouding tot God en hulle naaste staan, sodat hulle in staat is om die regte leiding te gee, nie slegs in die skool nie, maar ook in die gemeenskap waarin hulle geplaas word. Aangesien 'n regte verhouding teenoor ons naaste afhanklik is van ons verhouding jeens God, moet aan die aanstaande aspirant onderwyser ook 'n Christelike lewensbeskouing voorgehou word wat hom innerlike rus en vrede sal verskaf. Indien hy hierdie lewensbeskouing aanvaar en as enigste moontlikheid ook probeer uitlewe, sal hy 'n ideale opvoeder kan word, wat in staat is om die jong Bantoekind op die

regte wyse op te voed.

(b) Toelatingsvereistes.

Dit is derhalwe van die uiterste belang dat die regte tipe student aan die opleidingskole opgelei word. Uit die groot aantal kandidate wat hulle elke jaar vir opleiding aanmeld, moet die juiste keuse gedoen word. Omdat daar gewoonlik veel meer kandidate aansoek doen as wat die ruimte toelaat, is die keuse besonder moeilik. Ons kan slegs staatmaak op 'n kort verslag van sy vorige hoof, waar die kandidaat die Junior Sertifikaateksamen geskryf het en op 'n getuigskrif van die bantoepredikant by wie hy belydenis van geloof afgelê het. Aangesien die opleiding van bantoe-onderwysers 'n intensiewe studie van ongeveer sestien verskillende vakke verg, moet noodwendig ook die intelligensie van die kandidaat in aanmerking geneem word. Daarom is dit 'n vereiste dat elke kandidaat wat tot die Hoër Onderwyserskursus toegelaat wil word, in besit moet wees van 'n Junior Sertifikaat in die eerste of tweede klas.

Die leerlinge wat (a) in die ( ) eerste klas (die (a) Junior Sertifikaateksamen) (b) geslaag het, wil gewoonlik hulle akademiese opleiding voortsit en

word in/.....

word in die matriekkursus geplaas, sodat ons meestal slegs 'n keuse kan maak uit kandidate wat 'n tweede klas in hulle Junior Sertifikaateksamen behaal het, d.w.s. wat 'n gemiddelde van tussen 50 en 60 persent verkry het.

Die prinsipaal van die skool, waar die kandidaat sy akademiese opleiding geniet het, is ook verplig om 'n getuigskrif oor sy persoonlikheid en leierseienskappe te verstrek, maar die bewoording van daardie getuigskrif is dikwels só vaag en algemeen dat daar nie voldoende staat op gemaak kan word nie. Om die kandidate vir 'n persoonlike onderhoud te laat kom, soos by blanke Normaalkolleges die geval is, sodat hulle deeglik gekeur kan word, is ook onprakties, omdat die meeste leerlinge van ver kom, selfs sover as Pretoria, Kimberley en Bloemfontein. Aangesien 'n groot gedeelte van die leerlinge se ouers nie welvarend is nie en baie moet opoffer om hulle kinders te laat studeer, ontsien die hoofde die onkoste om die applikante vir 'n persoonlike onderhoud in te roep.

Die materiaal wat die Batswana Opleidingskool kan

aanneem om/..

aanneem om as onderwyser opgelei te word, het ŉ normale intelligensie, maar is nie besonder briljant nie en besit oor die algemeen ook nie uitstaande karaktereienskappe nie, hoewel die meeste van hulle baie gewillig en gretig is om hard te werk.

Dit is hierdie tipe bantoeleerling wat in ŉ kort tydperk van twee jaar opgelei moet word om nie alleen ŉ onderwysdiploma te behaal waardeur hy bevoeg is om aan ŉ primêre skool onderwys te gee nie, maar om bowendien tot ŉ gebalanseerde, harmonieuse persoonlikheid te ontwikkel.

Omdat hy, met die Junior Sertifikaateksamen agter die rug, ŉ sekere akademiese agtergrond besit, is hy in staat om hom behoorlik in twee amptelike tale, Afrikaans en Engels uit te druk. Die meeste vakke word dan ook aan die opleidingskole in een van die beide landstale gedoseer, behalwe die metodiek van die laerskoolvakke wat in hulle (eie) moedertaal gegee word.

(c) <u>Probleme wat ontstaan by die doseer van godsdiensonderrig.</u>

Aangesien die vak, Godsdiensonderrig, een van die

kernvakke/.....

kernvakke van ʼn opleidingskool is, omdat die student se lewensbeskouing daardeur in die besonder gevorm kan word, word dit aan die Batswana Opleidingskollege deur blanke leerkragte gedoseer wat positief Christelike beginsels besit en hulle ook uitlewe. Maar die dosent wat Godsdiensonderrig gee, het ʼn uiters moeilike taak omdat sy studente aan tien of selfs meer verskillende kerkgenootskappe behoort. Sommige is lede van sektariese groepe wat gedurende die laaste jare tot meer as ʼn duisend uitgegroei het.[1)]

By die ontleding van die kerkverband van ons leerlinge is uitgevind dat die Metodiste kerk, Anglikaanse kerk en Lutherse kerk taamlik eweredig verteenwoordig is, terwyl daar ook ʼn groot groep aan die Nederduits Gereformeerde kerk behoort. ʼn Analise van die antwoorde op die vraag aan watter kerkgenootskap die proefpersone behoort, gee die volgende besonderhede:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Metodiste kerk .................. | 26% |
| 2. | Anglikaanse kerk ................ | 25% |
| 3. | Lutherse kerk ................... | 21% |
| 4. | Nederduits Gereformeerde kerk ... | 10% |
| 5. | Rooms Katolieke kerk ............ | 8% |

ʼn Klein persentasie is dus ook lede van die

Rooms Katolieke/.....

1) Sindkler, E.G.M. Bantu Prophets in South Africa. p.41

Rooms Katolieke kerk. Die geringe aantal Rooms Katolieke studente is veral toe te skryf aan die feit dat daardie kerk sy eie privaatskole opgerig het en verkies om sy eie leerlinge op te lei en te eksamineer. By suksesvolle beëindiging van hulle opleiding word hierdie leerlinge in privaatskole aangestel. Die sertifikate wat deur die Rooms Katolieke kerkskole uitgereik word, word nie deur die regering erken nie.

Aan die opleidingskool het ons dus met 'n taamlik gemengde groep leerlinge te doen, nie alleen hulle godsdienstige beskouing nie, maar ook hulle kulturele en sosiale agtergrond verskil hemelsbreed. Hoewel 'n groot gedeelte van hulle op plase en landelike bantoetuislande woonagtig is, en dus maar min met blankes in aanraking kom, is daar 'n belangrike deel afkomstig van dorpslokasies soos die van Rustenburg, Potchefstroom, Kimberley, Vryburg, Lichtenburg en ander dorpe. Die proefpersone het die volgende gegewens verskaf:

1. In die bantoetuislande ........ 32%
2. Op 'n plaas ........................ 16%
3. In 'n dorp .......................... 31%
4. In 'n stad .......................... 21%

Uit daardie heterogene groep moet die dosent trag om 'n hegte eenheid te smee. Die vak, Godsdiensonderrig,

leen hom/.....

leen hom uitstekend daartoe om dit te bewerkstellig. God kies immers sy instrumente uit alle nasies en volkere. Hoewel daar skynbaar onoorbrugbare verskille bestaan, het God die wonder teweeggebring om deur sy kruis die verskille op die agtergrond te plaas. Dit het al by die eerste Christengemeentes begin. Paulus, Petrus, Jakobus, Johannes en al die ander apostels het ongetwyfeld baie verskil in geaardheid, karakter en agtergrond, maar nadat God hulle as sy werktuie in sy diens geneem het, is hulle vervul met die Heilige Gees, waardeur 'n radikale verandering in hulle lewens teweeggebring is.

Om daardie eenheid onder die studente te verkry, het die dosent twee jaar tyd. Die sukses van sy pogings hang veral van sy geloof af, maar hy moet ook 'n grondige kennis van die bantoeleerling besit. Om mee te begin moet hy beklemtoon dat ons almal mense is wat na die beeld van God geskape is, maar deur eie skuld die beeld van God deur ons sonde verbreek en ontwrig het.[1] Hy kan uit voorbeelde van die Heilige Skrif bewys dat alleen Jesus Christus hierdie verontreinigde

en besmette/...

1) Berkhof, H. De mens onderweg. p.66.

en besmette beeld weer in al sy glorie kan herstel; dat dit nie afhang van enige verdienste van ons nie, maar dat dit slegs genade is. Almal wat dit glo word deur 'n oneindige, onbegryplike liefde met Hom en met mekaar verbind.

Die dosent kan derhalwe daarop wys watter geweldige verskille daar tussen die mense onderling is wat kleur, ras en beskawing betref en dat geen menslike pogings hierdie verskille kan oorbrug nie. Daar is egter Eén wat die groot kloof wat die mense van mekaar geskei het, baie kleiner gemaak het deur sy kruis op Golgota. Daardeur word almal wat in Hom glo sy kinders genoem en is aan mekaar verbind deur 'n gemeenskaplike taak, naamlik om getuies van Hom te wees in Sy Koninkryk.

Die gebondenheid met Christus, en die gemeenskaplike taak wat ons moet uitvoer is dus die onsigbare band wat alle Christene in liefde aan mekaar bind. Hierdie gedagtegang moet as 'n goue draad dwarsdeur al die dosent se lesse heenloop. Dan sal sy leerlinge aan die einde van hulle skoolloopbaan beslis vrugte oplewer.

(d) Die/.....

(d) <u>Die belangrikheid van die vak "Beginsels van Opvoeding"</u>

ŉ Ander belangrike vak in bantoe-opleidingskole is "Beginsels van Opvoeding". Omdat dit ŉ totaal nuwe vak vir die leerlinge is, moet die dosent so eenvoudig en prakties as moontlik die kernbegrippe verduidelik. Veral die begrippe "opvoeding" en "lewensbeskouing" wat gereeld in die loop van die kursus gebesig sal word, moet met konkrete voorbeelde verstaanbaar gemaak word.

In die volgende hoofstuk hoop ons om dit nader uit te werk en te laat sien hoe die gevalle mens nie meer die goddelike taak kan uitvoer nie en dus nie meer roepingsbewus kan wees nie. Dan sal daarin ook beklemtoon word dat alleen die vernuwde mens wat deur Gods genade ŉ herskape mens geword het, sy taak in die regte lig kan sien. In besonderhede sal verder die opvoedingsdoel bespreek word en ons sal middele aan die hand doen waardeur die doel verwesenlik kan word.

Die Heilige Skrif sal in alles ons basis wees. Daar sal uitgegaan word van die Bybelse standpunt

dat die/.....

dat die mens oorspronklik beelddraer van God was en dat Hy deur sy genade die geskonde beeld in ons kan herstel. Indien Hy ons sy instrument wil maak, sal Hy ons nie alleen regverdig nie, maar ook vernuwe. Hierdie proses van vernuwing sal ŉ stryd in ons lewe teweegbring, omdat die ou en nuwe mens in ŉ hewige konflik met mekaar gewikkel is. Ons is egter seker van die oorwinning, omdat Hy dit vir ons behaal het. Soos Berkhof dit so kernagtig uitdruk "Hij leeft met de overwinning achter zich en voor zich en met de benoeming op zak."[1] Met die benoeming bedoel hy die regverdiging van die mens. Die geregverdigde mens is dus wel in ŉ stryd gewikkel, maar dit is ŉ vreugdevolle stryd, omdat hy weet dat dit ook Gods stryd is en dat die oorwinning binne sy bereik is.

(e) <u>Die dubbele taak wat God aan die mens opgedra het.</u>

Na aanleiding van bogenoemde stelling wil ons verder uitgaan van die Bybelse waarheid dat die mens ŉ tweevoudige taak van God ontvang het, om in die eerste plek die aarde te kultiveer tot Sy eer en sy medemens daardeur te dien, en om tegelykertyd Sy

instrument/.....

---

1) Van Berkhof, H. De mens onderweg. p.117

instrument te wees in die uitbreiding van Sy Koninkryk. Ons sal dus van die standpunt uitgaan dat alle arbeid, diens aan God beteken en dat veral daardeur die beroep van 'n onderwyser in 'n heel ander lig gestel word.[1)]

Alleen indien die mens beide take getrou uitvoer, is hy mens van God in die werklike betekenis van die woord, dus 'n mens wat weet dat hy deur God geroepe is. Maar hierdie dubbele taak kan hy alleen uitvoer as hy in Christus gelouter is en 'n geheiligde mens geword het. Die Skrif leer dat die lewe van 'n mens alleen waarde het, verstaan kan word en betekenis kry as dit in Christus geïntegreer is.

Om die begrip van geheiligde mens en sy roeping in hierdie wêreld aan die bantoestudent te verduidelik, sal 'n deel van die taak wees van die dosent wat Godsdiensonderrig en Beginsels van Opvoeding moet doseer.

Ons wil in hierdie verhandeling dus nie die ongelowige, afvallige mens as basis neem nie, maar die deur Christus geheiligde mens, om deur hom uit te vind hoe hy sy dubbele taak in die wêreld ten uitvoer kan bring. Dan sal die student terselfdertyd die noue verband

besef tussen/....

1) Roscam Abbing, P.J. Beroepsethiek. pp. 241-253.

besef tussen die lewensbeskouing van die opvoeder en die verwesenliking van sy opvoedingsdoel. En waar vind ons ꞌn mooier opvoedingsideaal as in die kernagtige opsomming van Paulus waar hy aan sy geestelike kind, Timotheüs, skryf: "Sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."[1] Hierdie doelstelling kan alleen verwesenlik word deur ꞌn opvoeder wat self ꞌn geheiligde mens is en wat ꞌn helder insig het in sy dubbele taak in diens van God en sy medemens.

(f) <u>Verhouding kultuur en Christendom.</u>

In ꞌn derde hoofstuk sal die soeklig val op die verhouding tussen kultuur en Christendom om dan te kan bepaal hoe die geheiligde mens in hierdie wêreld moet lewe. Eers dan kan vasgestel word hoe hy sy tweede taak, as profeet, priester, en koning, dus as Gods instrument hier op aarde, ten uitvoer kan bring. Daarna sal ondersoek word hoe die godsdienstige opvoeding in verskillende skoolvakke tot sy reg kan kom, sodat ook duidelik sal word wat die verskil is tussen Godsdiensonderrig as vak en godsdienstige opvoeding.

Die basis/.....

1) 2 Tim. 3:17.

Die basis is nou gelê vir verdere studie van ons onderwerp en kan deur die toekomstige bantoe-onderwyser as kultuurdraer van sy volk nader bestudeer word. Vir hierdie studie bied die Batswana Opleidingskool ꞌn gulde geleentheid.

(g) <u>Bantoekultuur waarmee die dosent van die bantoe-opleidingskollege in aanraking kom.</u>

Dit is uiters belangrik dat ons ook sal uitvind wat die lewensbeskouing van die deursnee bantoestudent aan die Batswana Opleidingskollege is. Dit sal ons gedeeltelik empiries probeer vasstel deur ꞌn uitgebreide vraelys wat in ꞌn spesiale hoofstuk in besonderhede geanaliseer sal word. Die antwoorde sal waarskynlik ꞌn insig gee in die lewens- en wêreldbeskouing van die student waardeur ons kan bepaal in hoe verre sy lewensfilosofie afwyk van die deur die Skrif vasgestelde norme en beginsels.

In ꞌn volgende hoofstuk hoop ons dan om die religieuse, morele en sosiale kenmerke van die bantoekultuur na te gaan om daaruit te kan bepaal watter van die student se beskouings skadelik is vir sy waaragtige mens-wees. Gelykertyd sal vasgestel kan word of daar nog bantoe-filosofiese idees is wat nie sy werklike

mens-wees in gevaar stel nie en waarvan hy gebruik kan maak as opvoeder van sy volk.

As dit alles in besonderhede uitgewerk is, sal die vak Godsdiensonderrig, as kernvak van die skool, weer onder die soeklig moet kom, omdat in die onderwyser se Bybellesse duidelik sal uitkom uit watter beginsels hy lewe.

Ons sal in die eerste plek dus die leerplan vir Godsdiensonderrig, soos dit deur die Bantoe-Onderwysdepartement neergelê is, nader moet bestudeer. Die leerplan het veral met die leerstof te doen wat onderrig moet word en hoe hierdie leerstof oor die verskillende skooljare verdeel kan word. Ons moet dit nie met leergang verwar nie), (waaronder ons verstaan hoe die leerstof gerangskik kan word, 1) Dit kan suksessief, konsentries, of gemengd gerangskik wees. Maar daar is ook ander moontlikhede, bv. ons kan die leerstof analities of sinteties behandel, induktief of deduktief. Maar vir die doel van hierdie verhandeling het ons slegs met die leerplan te doen, omdat ons wil probeer vasstel hoe die onderwyser die leerstof volgens sy Christelike lewensbeskouing moet

interpreteer/.....

1) Van Duyvendijk, P. en Visser, J.B. Schoolopvoeding en -onderwijs. p.69

interpreteer. Ten slotte hoop ons om na te gaan of sekere begrippe uit die bantoe-kultuur sonder gevaar in sy Christelike beginsels geïntegreer kan word.

Aangesien die skoollewe nie uit losstaande kompartemente bestaan nie, maar 'n eenheid moet vorm, wil ons ook uitvind hoe die verskillende skoolvakke met die sentrale vak, Godsdiensonderrig gekorreleer kan word.

(h) Die bantoeleerling.

In die godsdienstige opvoeding, maar veral in die doseer van Godsdiensonderrig sal dit noodsaaklik wees om die kind te ken. Dus nie alleen moet Beginsels van Opvoeding gedoseer word nie, maar ook Kinderstudie is 'n belangrike vak wat in die leerplan van die Bantoe-Onderwysdepartement opgeneem is.

Dit help die student nie as hy slegs 'n begrip van beginsels en metodes besit wat hy in die skool moet toepas, en die kind self nie ken nie. Hy behoort derhalwe 'n studie van die kind self te maak, van al sy funksies, sy konatiewe, emosionele en kognitiewe vermoëns, en die vernaamste ontwikkelingslyne daarin kan beskrywe. Verder moet hy al die drange en in-

stinktiewe/....

stinktiewe kragte van die kind ken, want dit is hulle wat sy funksies aktiveer. Hy moet ook weet hoe al hierdie drange en instinkte gesublimeer en gekontroleer kan word. Die verskillende soorte motiewe wat die gees van die mens aan die werk sit, soos die persoonlike, sosiale en religieuse motiewe, is uiters belangrik. Want daardeur laat die mens aan die buitewêreld sien wat sy eintlike lewensbeskouing is.[1] Indien sy religieuse motiewe die grondslag van sy lewe vorm, sal hy heeltemal anders teenoor sy omgewing staan as wanneer sy persoonlike motiewe die sterkste dryfkrag vorm. In die eerste geval sal hy hom 'n geroepene voel wat in diens van God staan en aan wie hy ten alle tye rekenskap verskuldig is. Indien die persoonlike motiewe die allesoorheersende faktor in sy lewe geword het, kan daar van diens geen sprake wees nie, omdat hy alles uit selfsugtige oogmerke verrig.

Vir die godsdienstige opvoeding en die godsdiensonderrig is dit noodsaaklik dat die verskillende ontwikkelingsfases, elkeen met sy spesifieke kenmerke,

goed uitmekaar/.....

1) Bavinck, J.H. Persoonlijkheid en wêreldbeschouing. pp. 36-42.

goed uitmekaar gehou word. Die student sal moet weet dat die voorskoolse kind heeltemal anders aangepak behoort te word as die ses- tot agtjarige kind. Besonderlik in die vroegste skooljare sal met die onbeperkte fantasielewe van die kind deeglik rekening gehou moet word, veral in die vertelling van die Bybelse verhale. Vir die nege- tot twaalfjarige kind sal die werklikheid weer 'n groter rol speel in die vak, Godsdiensonderrig, terwyl in die puberteitsleeftyd die eintlike sin van die lewe vir die kind betekenis kry en die onderwyser dus veel meer die nadruk kan laat val op die abstrakte begrippe en die oorsaaklike verband van alles.

Indien die student hiervan 'n suiwer begrip gevorm het, is hy in staat om die verantwoordelikheid op hom te neem en kan hy die kind op die regte wyse opvoed en leiding in sy jong lewe gee. In die opvoedingsproses moet die onderwyser ook bewus wees van die feit dat elke mens 'n sosiale wese is en dat ons hom slegs ten volle leer ken indien ons hom in al sy horisontale verhoudings kan bestudeer. Ons moet hom dus op verskillende vlakke ontmoet en ongemerk gadeslaan.

Die onderwyser/.....

Die onderwyser behoort die kind dus nie alleen in die klaskamer te bestudeer nie, maar ook in sy huis en by sy vriende op straat. Elke mens is egter ook ŉ religieuse wese; daarom is die instandhouding en ontwikkeling van die vertikale vlak waarop die kind beweeg, ook een van die vele verantwoordelikhede van die onderwyser.

(i) Die invloed van die onderwyser.

Uit dit alles blyk duidelik hoe belangrik die rol van die onderwyser is wat bogenoemde beginsels moet toepas en uitlewe. In ŉ volgende hoofstuk hoop ons dus om die lig op die student-onderwyser te laat val en na aanleiding van die antwoorde op die vraelys moet ons probeer vasstel in watter mate hy nog vasgeanker is in die heidense gedagtewêreld van die bantoekultuur.

Dan sal ons ook middels aan die hand doen waardeur hy hom kan losmaak uit daardie wanvoorstellings wat op sy geestelike lewe beslag gelê het en waarmee hy met Gods hulp ŉ positiewe Christelike lewensbeskouing kan verkry. Daarna sal ons wys hoe hy die kinders kan beïnvloed, sodat hulle ook vrye mense kan word wat sonder angs en vrees die lewe kan ingaan omdat Christus

alle bose/.....

alle bose magte oorwin het.

In die hele verhandeling hoop ons om duidelik te laat blyk dat geen enkele opvoeder neutraal kan wees nie, omdat sy lewensbeskouing ꞌn essensiële deel van hom is, Deur sy lewensbeskouing wys hy die kinders die pad aan wat hulle moet volg en laat hy hulle ook telkens sien na watter eindbestemming hierdie pad voer. Dit is derhalwe sy persoonlike invloed wat die kinders hom altyd onbewus sal laat volg. Dit is soos ꞌn skaduwee wat steeds saam met hom gaan waar hy nooit ontslae van kan raak en wat nimmer van hom losgeskeur kan word nie. Indien die onderwyser se lewensbeskouing gesond is, sal daar onteenseglik ꞌn goeie invloed van hom uitgaan. As sy lewensbeskouing egter aardsgesind is en deurspek van heidense begrippe, sal hy al die kinders saam met hom op die verkeerde pad lei.

Die onderwyser met ꞌn verkeerde lewensbeskouing kan vergelyk word met die fluitspeler uit die bekende gedig van Robert Browning. "The Pied Piper of Hamelin". wat deur sy magiese musikale invloed honderde kinders met hom saamgelok het en in die ontoeganklike grotte laat verdwyn het.

(j) Arbeidsmotiewe/.

(j) <u>Arbeidsmotiewe</u>.

Ons sal ten slotte 'n antwoord probeer gee op die vraag waarom die mens werk moet verrig en watter motiewe die student gehad het om die professie van onderwyser te kies. Ook hier sal die Skrif ons leidraad wees en aan die hand van die Bybel sal ons bepaal hoe 'n Christen teenoor sy arbeid moet staan.

In 'n slothoofstuk hoop ons dan om al die bevindings kortliks op te som sodat ons sekere gevolgtrekkings daaruit kan maak.